**AFKONDIGINGS 30 AUGUSTUS 2026**

1. Die Koor se Sangmiddag vind vandag om 16h00 plaas as deel van die feesjaarvieringe. Gaskunstenaars sluit in Treble Clefs (voormalige Suidoosterfees-gemeenskapskoorwenner) en Maranatha Male Choir. Toegang is gratis! 'n Sagte kollekte sal by hierdie geleentheid opgeneem word.
2. **TIENDE DANKOFFER**: Word Sondag 6 September opgeneem.
3. Die Ring van SA Gestig se Nasionale Sondagskooldag vind Sondag, 6 September plaas, te VGK Elsies Rivier. Ouers van Sondagskoolkinders moet asb let op die volgende inligting:

** **Kinders moet 8:00 by die Kerk wees**, sodat onderwysers seker kan maak dat alle vrywaringsvorms ontvang is, kinders hul T-hempies kan aantrek en ‘n broodjie kan geniet voordat hulle vertrek. Kinders kan’n jeans of enige langbroek aantrek.

** **Bus vertrek om 9:00;**

** Kinders het Dankoffer-koevertjies ontvang wat hulle moet saambring. Indien ouers nie koevertjies kan vul nie, sal ons verstaan. Koevertjies moet egter terugkom vir rekorddoeleindes, asb.

**NB!!!** Die personeel versoek asb dat ouers die kinders kom afhaal by die kerk met terugkoms. Onthou asb teen die tyd dat die bus terugkeer is niemand by die kerk, die strate is stil en ons kan nie die kinders alleen huis toe laat stap nie. Die onderwysers sal op die verskillende WhattsApp-groepe aandui wanneer die bus vanaf Elsiesrivier vertrek. Ons vra asb die ouers se samewerking in dié verband.

4. Geleenthede vir items tydens diens - die volgende datums is beskikbaar vir 6 September; 4 & 18 Oktober. Kontak gerus die kerkkantoor.
5. Die Heilige Doop vind plaas op Sondag 13 September.
6. The CYM will be hosting a Movie Night on 11 September, as part of our ongoing commitment to creating spaces of fellowship and fun for our children and youth. All are welcome. There are two slots available:
   - First slot: 16H00 - for kids aged 7 to 12
   - Second slot: 18H00 - for youth aged 13 and up

   Entrance is R20, which includes popcorn.
   Tickets can be booked via WhatsApp with Terri Jasper (066 211 6575), or through any of the youth members. We kindly ask everyone to try their best to pre-book, so that we can prepare accordingly.
7. Die Barmhartigheidskommissie doen graag ‘n beroep op lidmate vir die skenking van nie-bederfbare produkte, wat aan behoeftige gemeentelede/ families geskenk sal word. Items kan Sondagoggende in die blou houers geplaas word wat in die voorportaal sal wees. U is ook welkom om skenkings gedurende die week na die kerkkantoor te bring. Ons dank u by voorbaat vir u bydrae. Voorbeelde van items: weetbix, mieliemeel, oats, boksies melk, mince meat, 2 minute noodles, blikkiesvis, corned beef, mash,
   koffie, tee, suiker, jam, peanut butter.

**8. Siekes**

8.1 Sr Benita Horne (Wyk 8) is in Tygerberg Hospitaal.
8.2 Sr Veronica Samuels (Wyk 15) is steeds in Brackengate Rehab.
8.3 Sr Vernorene Africa (Wyk 5) is in Step Down Rehab. in N1 City
8.4 Sr Mary Brummer (Wyk 3) is ontslaan.
8.5 Voorbidding vir almal van wie ons nie kennis dra nie.

*****************************

**GEMEENTE-WEBWERF:**

www.urcbellville.co.za

urcb.newsletter@outlook.com

#Nuut op die webwerf

- Afkondigings 30 Augustus 2026 (onder "Notices")
- Die Nuusbrief: Uitgawe 2, Junie 2026 (onder "Newsletter")
- Kalender 2026-veranderinge (onder "Notices": "Spesiale afkondigings")